

H O O F S T U K 5

EMPIRIESE ONDERSOEK : NAVORSINGSONTWERP

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp uiteengesit aan die hand waarvan die voorkoms van uitbranding by skoolhoofde empiries bepaal word.

Daar word eerstens aandag gegee aan die meetinstrument wat gebruik word. Daarna word die samestelling van die vraelys bespreek, asook die administratiewe prosedures wat gevolg en die populasie wat gebruik is.

5.2 DIE MEETINSTRUMENT

5.2.1 Die posvraelys

Daar is vir die doel van hierdie ondersoek op 'n gestruktureerde, meerkeusige posvraelys besluit waar respondente op 'n sespuntskaal hul reaksies op 'n gegewe stelling moes aanteken.

Voordat die spesifieke meetinstrument in besonderhede bespreek word, word daar eers gekyk na die voor- en nadele van 'n posvraelys.

5.2.1.1 Voordele van die posvraelys

Volgens Van der Westhuizen (1985:192) en Smit (1987:6) het 'n posvraelys die volgende voordele:

- * 'n Groot groep mense kan relatief maklik betrek word.
- * 'n Vraelys is meer betroubaar as byvoorbeeld 'n onderhoud.
- * Respondente kan anoniem bly wat 'n groter openheid in die verskaffing

van antwoorde by respondente tot gevolg kan hê.

- * Respondente kan 'n objektiewe mening verskaf vanweë die uitskakeling van persoonlike kontak.
- * Die instruksies is gestandaardiseer en die respondente weet presies wat van hulle verwag word.
- * Dit neem min tyd in beslag en baie inligting kan ingesamel word.
- * Dit is goedkoper as byvoorbeeld onderhoude.
- * Die analisering en tabulering van response word vergemaklik.

5.2.1.2 Nadele van die posvraelys

Die nadele van 'n posvraelys is volgens Van der Westhuizen (1985:192) en Smit (1987:6) die volgende:

- * Dit is moeilik om die betroubaarheid van 'n posvraelys te bepaal.
- * Respondente kan die vrae verskillend vertolk.
- * Die korrektheid van antwoorde kan moeilik bepaal word.
- * Die beantwoording van vraelyste kan willekeurig geskied (die respondent kan die vraelys deur iemand anders laat voltooi in plaas daarvan om dit self te doen).
- * Daar is dikwels swak terugvoering van respondente.
- * Keuses kan slegs uit voorgeskrewe antwoorde gemaak word, terwyl ander alternatiewe nie moontlik is nie.
- * Die publiek is oor die algemeen negatief teenoor vraelyste.
- * 'n Vraelys word as onpersoonlik ervaar.
- * Die voorbereiding van 'n vraelys neem baie tyd in beslag.

5.2.2 Konstruksie van die vraelys

5.2.2.1 Algemene konstruksie

Die vraelys is gebaseer op die "Maslach Burnout Inventory" (MBI) wat uitgebrei is deur die insluiting van vrae oor biografiese en demografiese besonderhede asook vrae oor simptome van uitbranding wat in die navorsingsliteratuur geïdentifiseer is.

Die MBI-vraelys bestaan uit die eerste 22 vrae van afdeling B van die vraelys (vergelyk bylae 4). Vrae 23 tot 47 van afdeling B van die vraelys bestaan uit aanvullende vrae wat gebaseer is op bykomende simptome van uitbranding (vergelyk 3.3.2) wat in die navorsingsliteratuur geïdentifiseer is. Die doel met die insluiting van die bykomende vrae op die vraelys is om te bepaal of hierdie simptome wel 'n verband toon met die MBI en sodoende met uitbranding as sodanig.

5.2.2.2 Biografiese en demografiese besonderhede

Vraag 1 tot 9 van afdeling A van die vraelys het betrekking op biografiese en demografiese gegewens. Hierdie gegewens is bygevoeg omdat dit, volgens die navorsingsliteratuur, 'n invloed kan hê op die uitbrandingstellings. Die biografiese besonderhede (vergelyk bylae 4) handel oor die volgende aspekte:

* Geslag

Die doel met hierdie vraag is om te bepaal of manlike en vroulike skoolhoofde uitbranding verskillend ervaar ten opsigte van die frekwensie en intensiteit daarvan. Die navorsing van Greenglass en Burke (1988:215 en 222) onder onderwysers het getoon dat daar verskille voorkom tussen mans en dames ten opsigte van die depersonalisasie subskaal. Mans ervaar hiervolgens in 'n meerdere mate 'n gevoel van depersonalisasie (vergelyk ook Malanowski en Wood, 1984:23).

* **Huwelikstaat**

Die doel met hierdie vraag is om te bepaal of getroude en ongetroude manlike en vroulike skoolhoofde uitbranding verskillend ervaar ten opsigte van die frekwensie en intensiteit daarvan. Russel et al. (1987:271) het byvoorbeeld vasgestel dat getroude onderwysers in 'n meerdere mate as ongetroude onderwysers 'n gevoel van afname in persoonlike doeltreffendheid ervaar.

* **Ouderdom**

Die doel met hierdie vraag is om te bepaal of skoolhoofde 'n verskil in uitbranding beleef ten opsigte van ouderdom. Volgens die navorsingsresultate van Russel et al. (1987:269) het jong onderwysers en onderwyseresse 'n groter mate van emosionele uitputting as ouer kollegas ervaar.

* **Jare ervaring as skoolhoof**

Die doel met hierdie vraag is om te bepaal tot watter mate die jare ervaring as skoolhoof 'n invloed het op die voorkoms van uitbranding.

* **Kategorie-indeling**

Dit hou verband met die opleiding van die skoolhoof. Die doel hiermee is om te bepaal of die opleiding of kwalifikasies van die skoolhoof 'n verband toon met uitbranding.

Die demografiese besonderhede (bylae 4 afdeling A) van die skole waaraan skoolhoofde verbonde is, handel oor die taalmedium van die skool (Afrikaans, Engels of beide), die sosio-ekonomiese samestelling (laag tot gemiddeld, bo-gemiddeld of gemeng (laag tot bo-gemiddeld)) van die skool, die tipe skool

(gekompliseerde hoërskole, graad S1 of graad S11 hoërskole, graad P1 of graad P11 laer skole) en die gebied waarin die skole geleë is (stedelik, semi-stedelik of platteland). Volgens die navorsingsresultate van Hock (1988:183) het die geografiese gebied waarin die skool geleë is en die sosio-ekonomiese samestelling van die skool weinig of geen invloed op uitbrandingstellings van onderwysers nie. Hierteenoor is daar bevind dat daar wel 'n verskil in die depersonalisasie subskaal (MBI) tussen onderwysers in laer skole en hoër skole was (Malanowski & Wood, 1984:25). Omdat navorsing tot op datum slegs beperk is tot die V.S.A., Kanada en Australië, bestaan daar geen navorsingsresultate oor die verband tussen die taalmedium van skole en die ervaring van uitbranding deur skoolhoofde nie.

5.2.2.3 Die "Maslach Burnout Inventory" (MBI)

(a) Samestelling van die MBI

Die Maslach Burnout Inventory is 'n 22-item vraelys wat saamgestel is om drie komponente van die uitbrandingsindroom te meet, naamlik emosionele uitputting, depersonalisasie en 'n afname in persoonlike doeltreffendheid (vergelyk 4.3.3.1). Elke komponent word deur 'n afsonderlike subskaal gemeet. Die subskaal van emosionele uitputting (9-item) word gebruik om gevoelens van emosionele oorspanning (byvoorbeeld angs en frustrasie) in die werksituasie te evalueer (vergelyk 3.3.2.2). Die subskaal van depersonalisasie (5-item) word gebruik om die professionele praktisyn se ongevoeligheid en onpersoonlike reaksies teenoor kliënte (i.c. leerlinge, personeel en ouers) in die werksituasie te evalueer (vergelyk 3.3.2.3). Die subskaal van afname in persoonlike doeltreffendheid (8-item) word gebruik om gevoelens van bekwaamheid of bevoegdheid en sukses in die werksituasie te evalueer (vergelyk 3.3.2.4).

Elke subskaal word in terme van die frekwensie (hoe dikwels die gevoel ervaar word) en die intensiteit (hoe sterk die gevoel is) gemeet. Die frekwensie word op 'n 6-puntskaal en die intensiteit op 7-puntskaal aangedui. 'n Hoë graad van uitbranding word deur hoë tellings op die subskale van emosionele uitputting en depersonalisasie en lae tellings op die subskaal van afname in persoonlike doeltreffendheid verteenwoordig. Hoë tellings val in die boonste derde van die 6-punt- en 7-puntskaal, terwyl lae tellings in die onderste derde daarvan val. 'n Matige graad van uitbranding sal dus in die middelste derde van die genoemde puntskale val. As gevolg van 'n beperkte kennis van die verband tussen die drie komponente, word die telling vir elke subskaal afsonderlik bereken en nie in een totale uitbrandingstelling nie (Maslach & Jackson, 1981a:2). Net so word die frekwensie en intensiteit van elke subskaal se tellings afsonderlik bereken. Daar word dus ses tellings vir elke respondent aangeteken:

- * Emosionele uitputting - frekwensie
- * Emosionele uitputting - intensiteit
- * Depersonalisasie - frekwensie
- * Depersonalisasie - intensiteit
- * Afname in persoonlike doeltreffendheid - frekwensie
- * Afname in persoonlike doeltreffendheid - intensiteit

Volgens Maslach en Jackson (1981a:6) moet die subskaal van afname in persoonlike doeltreffendheid onafhanklik van die subskale van emosionele uitputting en depersonalisasie gesien word. Daarmee word bedoel dat die afname in persoonlike doeltreffendheid nie as die teenoorgestelde belading van emosionele uitputting en depersonalisasie gesien moet word nie.

Dieselfde navorsers het bevind dat persoonlike doeltreffendheid 'n geringe verband toon met emosionele uitputting en depersonalisasie. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die navorsing van Sarros en Friesen (1987:176) onder skoolhoofde in Kanada. Laasgenoemde ondersoek het geringe tot matige vlakke van emosionele uitputting en depersonalisasie teenoor hoë vlakke van afname in persoonlike doeltreffendheid by skoolhoofde getoon. In teenstelling hiermee het Brookings et al. (1985:148) met 'n ondersoek onder dames in die diensberoepe bevind dat emosionele uitputting en depersonalisasie soos gemeet deur die MBI die kernkomponente van uitbranding is teenoor afname in persoonlike doeltreffendheid wat nie as belangrik beskou word nie. Die subskale van die MBI (uitputting, depersonalisasie en afname in persoonlike doeltreffendheid)se tellings is dus nie dieselfde vir verskillende teikengroepe nie.

In die navorsing van Iwanicki en Schwab (1981:1167-1174) wat met behulp van die MBI onder onderwysers in Massachusetts onderneem is, is bevind dat frekwensie- en intensiteitellings met mekaar korreleer. Na aanleiding hiervan beveel hulle aan dat slegs een van die twee tellings gebruik word by die meting van uitbranding. Hulle voer verder aan dat die gebruik van een telling die administrasie vergemaklik en die tyd verminder met die voltooiing van die MBI-vraelys. Dieselfde navorsers beveel aan dat die vyf items van depersonalisasie aangevul moet word sodat die betroubaarheid van hierdie subskaal verhoog kan word.

In teenstelling met die voorgenoemde navorsing het Maslach en Jackson (1981a:6) bevind dat die verband tussen die frekwensie- en intensiteitellings op die MBI nie beduidend genoeg is nie, omdat hierdie twee dimensies verskillende korrelasiepatrone ten opsigte van verskillende situasies en

persoonlikheidsveranderlikes aan die lig bring. Daarby word aangevoer dat die gebruik van beide dimensies geleentheid bied vir meer gedifferensieerde response. Die navorsing van Iwanicki en Schwab (1981:1170) het egter getoon dat die MBI dieselfde basiese komponente in die onderwys meet as dié wat Maslach en Jackson vir die diensberoepe geïdentifiseer het - emosionele uitputting, depersonalisasie en afname in persoonlike doeltreffendheid.

Op aanbeveling van Maslach en Jackson (1981a:3) kan die MBI-tellings met inligting oor die respondente in verband gebring word. Inligting kan demografiese data soos die aard van die werk of biografiese data soos persoonlikheid, gesindheid en die gesondheidstoestand van werkers insluit. Navorsing wat in dié verband gedoen is, het egter verskille in die resultate van demografiese en biografiese gegewens getoon. So het Malanowski en Wood (1984:25), in 'n ondersoek onder onderwysers in Ohio, en Hock (1988:183) in 'n ondersoek onder onderwysers in Kalifornië bevind dat daar nie 'n beduidende verband tussen die MBI-subskale en ouderdom, geslag, huwelikstatus en jare ervaring (biografiese veranderlikes) is nie. Gold en Bachelor (1988:553) het egter in 'n ondersoek onder onderwysers in die stedelike gebied van Suid-Kalifornië bevind dat ouderdom wel 'n beduidende verband met die afname in persoonlike doeltreffendheid (MBI se intensiteitsdimensie) toon. Hierbenewens het Russel et al. (1987:271) in 'n ondersoek onder onderwysers in Iowa 'n beduidende verband tussen ouderdom, geslag en huwelikstatus en die MBI-subskale gevind. Dit dien ook vermeld te word dat in die ondersoek van Hock (1988:182) onder onderwysers 'n beduidende verband tussen fisiese gebreke (hoofpyne, chroniese verkoues, diarree) en uitbranding soos gemeet deur die MBI gevind is. Dit blyk derhalwe dat benewens die teikengroepe, daar ook ander faktore (demografiese of fisies) is wat moontlik die uitbrandingstellings van die MBI kan beïnvloed. Uit die toetsresultate van

Mark et al. (1990:49) onder onderwysers in Australië is bevind dat demografiese veranderlikes (tipe skole of geografiese gebied) 'n meer beduidende invloed op uitbranding het as biografiese (geslag en huwelikstatus) veranderlikes (vergelyk ook Hock, 1988:183).

Omdat die MBI aanvanklik in die V.S.A. deur Maslach en Jackson ontwikkel is, ontstaan die vraag onwillekeurig of dit ook in die Suid-Afrikaanse opset van toepassing gemaak kan word. In 'n kruiskulturele ondersoek het Sarros en Sarros (1990:148-149) toetsresultate van die MBI, soos toegepas op Amerikaanse, Kanadese en Australiese onderwysers, vergelyk en 'n konstante en beduidende verband tussen die toetstellings van die subskale gekry. Die verskille wat wel voorgekom het, word aan onderliggende kulturele en sistemiese invloede toegeskryf. Hierdie toetsresultate toon ook 'n beduidende, konstante gelykwaardigheid met die navorsing wat Maslach en Jackson (1981) uitgevoer het onder 2 118 persone uit 'n groot verskeidenheid diensberoepes (Mark et. al., 1990:41; Sarros & Sarros, 1990:148). Daar kan dus aanvaar word dat die MBI teen die agtergrond van die genoemde Westerse kulture, waarskynlik ook in Suid-Afrika toegepas kan word.

Navorsing toon 'n duidelike verband aan tussen uitbranding en stres (Sarros & Friesen, 1987:173); Belcastro & Gold, 1983:364). Hiervolgens het werkstres, saam met ander veranderlikes, 'n gedifferensieerde invloed op die verskillende subskale van uitbranding. Uit navorsing van Sarros en Friesen (1987:173) onder skoolhoofde het dit geblyk dat werkstres die grootste invloed op die ervaring van emosionele uitputting het. Belcastro en Gold (1983:364) gaan selfs so ver as om te beweer dat die MBI 'n geldige instrument is vir die meting van sowel uitbranding as beroepstres.

(b) **Betroubaarheid en geldigheid van die MBI**

Betroubaarheid verwys na die mate van konsekwenheid en/of akkuraatheid waarmee 'n meetinstrument meet (De Wet et al., 1981:131). Die interne konsekwenheid (betroubaarheid) van die MBI is vasgestel deur die alpha-koëffisiënt van Cronbach op steekproefgroottes (n) van $n=1316$ vir frekwensietellings en $n=1789$ vir intensiteit te bereken (Maslach & Jackson, 1981a:7). Die betroubaarheidskoëffisiënte vir die subskale was 0,90 (frekwensie) en 0,87 (intensiteit) vir emosionele uitputting, 0,79 (frekwensie) en 0,76 (intensiteit) vir depersonalisasie, en 0,71 (frekwensie) en 0,73 (intensiteit) vir afname in persoonlike doeltreffendheid. Die standaardmetingsfout vir elke subskaal was 3,80 (frekwensie) en 4,99 (intensiteit) vir emosionele uitputting, 3,16 (frekwensie) en 3,96 (intensiteit) vir depersonalisasie, en 3,73 (frekwensie) en 3,99 (intensiteit) vir afname in persoonlike doeltreffendheid.

'n Toets- hertoetsmetode is deur Maslach en Jackson uitgevoer op graadstudente in die sosiale wetenskappe en leiers in die gesondheidsdienste ($n=53$). Die toets is vir 'n tweede keer aan dieselfde groepe proefpersone gegee met tussenposes van 2 tot 4 weke. Die toets- hertoetskorrelasiekoëffisiënte tussen die tellings van die subskale was 0,82 (frekwensie) en 0,53 (intensiteit) vir emosionele uitputting, 0,60 (frekwensie) en 0,69 (intensiteit) vir depersonalisasie, en 0,8 (frekwensie) en 0,68 (intensiteit) vir afname in persoonlike doeltreffendheid. Alhoewel die korrelasiekoëffisiënte wissel van laag tot matig, word dit nog as beduidend bokant die 0,001 vlak beskou en bevestig sodoende die betroubaarheid van die MBI.

Geldigheid verwys na die mate waarin 'n toets meet wat dit veronderstel is om

te meet (De Wet et al., 1981:145). Maslach en Jackson het die geldigheid van die MBI op drie wyses gedemonstreer. Ten eerste is die proefpersone se eggenotes of medewerkers gevra om die MBI te voltooi oor die betrokke individue, waarna die tellings met die individue s'n vergelyk is. Daar is bevind dat die proefpersone en hulle eggenotes se tellings 'n korrelasie toon. Die MBI-tellings is tweedens met sekere kenmerkende oorsake wat tot uitbranding bydra (byvoorbeeld te veel kliënte), in die beroep vergelyk en die MBI-tellings is derdens met sekere uitkomst (byvoorbeeld bedankings), wat moontlik die gevolge van uitbranding is, vergelyk. Die tellings het in albei voorgenoemde gevalle ook 'n beduidende verband getoon tussen MBI-tellings en oorsake en gevolge van uitbranding.

Die MBI is vervolgens ook getoets teen die moontlikheid van verdraaiing as gevolg van sosiale voorkeure van die respondente. Vir hierdie doel is maatskaplike studente (n=40) se MBI-tellings met die SDS (Social Desirability Scale) vergelyk. 'n Korrelasie van die MBI en die SDS was beduidend op die 0,05 vlak wat sosiale beïnvloeding as faktor uitskakel.

(c) Klassifisering van die MBI-items

Die MBI-vraelys is geklassifiseer volgens die volgende items (Maslach & Jackson, 1981a):

- * Emosionele uitputting: Vrae 1-3, 6, 8, 13-14, 16 en 22 (9-item).
- * Depersonalisasie: Vrae 5, 10-11, 15 en 22 (5-item).
- * 'n Afname in persoonlike doeltreffendheid: Vrae 4, 7, 9, 12, 17-19 en 21 (8-item).

(d) **Aanvullende vrae tot die MBI**

Die vraelys is uitgebrei met die insluiting van vrae 23 tot 47 (afdeling B). Hierdie vrae is in die literatuurstudie as simptome van uitbranding geïdentifiseer en het betrekking op die subskale van emosionele uitputting (vraag 23 tot 33), depersonalisasie (vraag 34 tot 35) en 'n afname in persoonlike doeltreffendheid (vraag 41 tot 47). Vrae 36 tot 40 het in die besonder betrekking op kognitiewe uitputting (vergelyk 2.5.1.2 paragraaf (c) as onderafdeling van uitputting. Die doel met die insluiting van hierdie vrae is om vas te stel of die bykomende simptome as deel van die uitbrandingsproses beskou kan word.

By die aanvanklike vraelys is 17 vrae (48 tot 65) bygevoeg om die moontlike verband tussen uitbranding, die komponent van gedrag (vergelyk 2.5.1.5 en fisiese uitputting (vergelyk 2.5.1.2(b) te bepaal. In opdrag van die Transvaalse Onderwysdepartement (kyk bylae 1) moes vrae 48 tot 65 egter uit die vraelys gelaat word (kyk bylae 6).

5.2.3 Die loodsondersoek

Voordat 'n vraelys gefinaliseer word, moet dit uitgetoets word om moontlike tekortkominge in die vraelys te bepaal en voorstelle vir verbetering van die vraelys te kry (Landman, 1980:111).

Om hierdie redes is die vraelys eers aan 'n klein steekproef van die teikenpopulasie ($n=7$) wat verteenwoordigend van elke tipe skool was, en op ewekansige wyse geselekteer is, gestuur vir moontlike kommentaar op die instruksies en antwoorde van die spesifieke items. Al sewe vraelyste is terug ontvang en geen wysigings is aan die finale vraelys aangebring nie omdat dit geblyk het dat respondente nie probleme ervaar het met die voltooiing van die vraelys nie.

5.2.4 Administrasie van die vraelys

Die konsepvraelys is aan die Uitvoerende Direkteur van Onderwys in Transvaal voorgelê vir goedkeuring. 'n Ondersteunende brief het die vraelys vergesel (kyk bylae 1). Die vraelys is met bepaalde wysigings goedgekeur en toestemming is verleen dat die vraelys aan skoolhoofde in Transvaal gestuur kan word (kyk bylae 2).

Die gewysigde vraelys is met 'n dekkingsbrief (kyk bylae 3) aan die teikengroep (Januarie 1991) versend vir beantwoording. Nadat die vraelyste terugontvang (Februarie 1991) is, is die data ingesleutel op die hoofrekenaar van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO se Vaaldriehoekcampus. Nadat die data ingesleutel is, is dit gekontroleer vir moontlike insleutelfoute. Daarna is die data verwerk volgens bepaalde statistiese tegnieke (vergeelyk 1.4.2.6 en hoofstuk 6).

5.2.5 Populasie en steekproef

Volgens De Wet et al. (1981:110) is 'n populasie al die lede van een of ander duidelik gedefinieerde groep mense, gebeure of voorwerpe. Vir hierdie ondersoek is die populasie al die skoolhoofde ($N=758$) van gekompliseerde (GS), sekondêre (S1 en S11) en primêre (P1 en P11) skole in Transvaal.

'n Steekproef is 'n verteenwoordigende gedeelte van so 'n groep. Vir sover dit moontlik was, is die steekproef vir hierdie ondersoek so geselekteer dat daar 'n minimum van veertig hoofde van skole is volgens sistematiese steekproefneming, vir elke tipe skool, volgens voertaal (Afrikaans of Engels) en volgens die gebied waar die skool geleë is (stedelik of platteland). As gevolg van te min Engelse skole moes die Engelse laerskole en hoërskole gekombineer word om 'n minimum

van dertig te verseker. Die steekproef (n=400) maak 52,7% uit van die totale populasie (N=758).

Ten einde die geldigheid van die ondersoek ten goede te laat kom, moet minstens 70% van die vraelyste wat in 'n ondersoek uitgestuur word, terugontvang word (Landman, 1980:112).

In tabel 5.1 word 'n uiteensetting gegee van die hoeveelheid vraelyste wat uitgestuur en terugontvang is.

TABEL 5.1

AANTAL VRAELYSTE UITGESTUUR EN TERUGONTVANG

Vraelyste uitgestuur	Vraelyste terugontvang	% Vraelyste terugontvang
400	281	70,3

Uit tabel 5.1 blyk dit dat 'n groot genoeg persentasie vraelyste terugontvang is om geldige afleidings uit die respons van die proefpersone te maak.

5.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die meetinstrument wat in die ondersoek gebruik is, uiteengesit en bespreek. Die administrasie en hantering van die vraelys is bespreek, waarna verwys is na die populasie en steekproef van die empiriese ondersoek.

In hoofstuk 6 word die resultate van die empiriese ondersoek weergegee en bespreek.